

Hoofstuk van die dag: Matteus 15

> *“Mevrou,” sê Jesus vir haar, “jou geloof is groot. Jou wens word vervul.” (vers 28)*

Jesus prys die vrou oor haar groot geloof. Wat kan ons by haar leer? Om taai te word in die geloof, nie sommer by die eerste

teleurstelling moed op te gee nie. Om geloof te hê, beteken om te wil oorwin, te bly volhard, te bly worstel, te bly soek na ’n antwoord.
Hierdie vrou het dit nie maklik gehad nie; sy het by niemand aanmoediging gekry om aan te hou met vra nie; inteendeel, sy het net afjakke gekry, selfs van die Here Jesus. Hy sê reguit vir haar dat Hy nie dink haar versoek verdien sy tyd of aandag nie. En – die vrou gee Hom dit toe! Sy weet baie goed dat sy maar net ’n Kanaäniet is, wat niks het om aan te bied nie. Maar tog gee sy nie sommer net moed op en draai om nie.
Geloof bly soek na ’n antwoord. Mense wat gou moed opgee en ophou bid oor ’n saak, en dan vir jou sê: “’n Mens moet maar tevrede wees”, se woorde kom dikwels nie uit ’n diepgewortelde geloof in die lewende God nie, maar is dikwels gewoon kleingelowig, sonder deursettingsvermoë.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026